

# Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds ('die Fonds')

## KOMMUNIKASIEBELEID &-STRATEGIE

Deur die raad van Trustees aanvaar op 31 Julie 2015

**Die hoofdoelwit van die Fonds is om aftreevoordele aan lede te voorsien**

Die missie van die Raad van Trustees is om in die beste belang van die Fonds op te tree, te verseker dat die Fonds finansiëel gesond bly, en die Fonds doeltreffend te bestuur om sodoende die uitbetaling van voordele soos in die statute van die Fonds uiteengesit, moontlik te maak. Aangesien die Fonds 'n vastebydrae-aftredefonds is, sal die volgende faktore die verwesenliking van lede se aftreedoelwitte beïnvloed en deur die Raad van Trustees oorweeg word.



Die Raad van Trustees beseft dat sommige van hierdie faktore nie binne sy beheer is nie. Die Raad van Trustees wil graag die impak van hierdie faktore op die opbou van aftreevoordele aan lede verduidelik. Waar die faktore egter deur die Raad van Trustees beheer kán word, stel hulle dit ten doel om hierdie faktore toepaslik te bestuur.

## 1. Doel van die kommunikasiebeleid

Die hoofdoel en sleutelrol van die Fonds is om lede, sowel as hulle afhanklikes waar 'n aktiewe lid te sterwe sou kom, van aftreevoordele en finansiële sekuriteit te voorsien. Hierdie rol is beperk tot die tydperk waarin elke individu 'n lid van die Fonds is. Die kennis en inligting wat oor hierdie tydperk via fondskommunikasie bekom word, sal egter deur 'n lid se hele lewe (in diens sowel as ná aftrede) van waarde wees.

Dit is noodsaaklik dat lede betyds omvattende en verstaanbare inligting oor hulle fondsvoordele ontvang sodat hulle voldoende toegerus is om genoegsaam vir hulle aftrede te beplan. Die inligting is ook belangrik om lede se redelike voordeelverwagtinge te bestuur. Inligting behoort aan die hand van bostaande sewe faktore wat die lid se uiteindelijke aftreevoordeel bepaal, georden te word, maar kan ook enige ander tersaaklike inligting insluit, soos in die Raad op Finansiële Dienste se verskillende omsendskrywes oor pensioenfondse aanbeveel.

Die Raad is nie verantwoordelik vir finansiële advies aan lede nie, maar is daartoe verbind om te verseker dat lede bewus is van die beskikbaarheid van sodanige advies, sowel as van wáár om dit te bekom. Die Raad behoort waar moontlik te verseker dat lede hulle met onderrig en inligting vir langtermyn finansiële sekuriteit kan toerus.

Hierdie kommunikasiebeleid is gebaseer op pensioenfonds-omsendskrywes PF86, PF90 en PF130:

## 2. Fonds-agtergrond

Die Fonds se ledeprofiel beïnvloed sy kommunikasiebeleid.

Dié profiel sien soos volg daar uit:

Item	Besonderhede soos op 31 Desember 2014
<b>Fondsnaam</b>	Universiteit van Stellenbosch Aftredefonds
<b>Soort fonds</b>	Omskrewende bydrae voorsorgfonds
<b>Ledetal</b>	3268
<b>Geografiese ledeverspreiding</b>	Wes Kaap
<b>Hooftale</b>	Afrikaans – 63% Engels – 37%
<b>Toegang tot internet/epos</b>	Tussen 90% en 95% van lede

### **3. Breë kommunikasiestrategiedoelwitte**

Die breë doelwitte van die kommunikasiestrategie is soos volg:

- om te verseker dat alle kommunikasie met lede, onderrig- en ander elemente insluit, wat individue aanmoedig om by hulle aftreebeplanning betrokke te raak;
- om alle kommunikasie te integreer (d.w.s. om te verseker dat alle skrywes dieselfde duidelike taal en toon gebruik; om toe te sien dat 'n toepaslike styl vir die teikenleser gebruik word; om 'n konsekwente boodskap te verseker, ensovoorts);
- om gepaste media te gebruik – wanneer lede hulle met 'n bepaalde medium vereenselwig, sal hulle die betrokke inligting na alle waarskynlikheid lees én vir toekomstige hergebruik bewaar.

### **4. Kommunikasieplan**

Die Raad sal minstens probeer verseker dat die skrywes en ander beplande kommunikasie soos in bylae 1 uiteengesit, die lig sien, en dat verspreidingsmetodes ingestel word om toe te sien dat elke lid alle inligting ontvang soos in die kommunikasieplan beoog.

Die Raad is verbind tot die beginsels van goeie bestuur soos in PF130 omskryf.

### **5. Taal**

Alle kommunikasie sal normaalweg in Afrikaans en Engels beskikbaar gestel word.

### **6. Finansiële geletterdheid**

Die Fonds sal daarna streef om sy lede se finansiële geletterdheid deur fondskommunikasie te verbeter.

Wanneer gekommunikeer word sal in besonder gelet word op faktore soos:

- oordrewe klem op die kort termyn;
- ledetraagheid of -onverskilligheid met besluite;
- menslike geneigdheid om die middeweg te kies wanneer opsies gegee word;
- die ekstrapolering van toekomstige tendense uit vorige ervaring;
- 'n eng beskouing – waar lede hulle opsies geïsoleerd eerder as holisties opweeg; en
- verlies-aversie (d.w.s. lede reageer gewoonlik dubbeld so heftig op 'n negatiewe opbrengs as 'n positiewe opbrengs).

### **7. Kommunikasiebegroting**

Alle kommunikasie met lede moet voldoende, toepaslik en kostedoeltreffend wees. 'n Kostebegroting sal jaarliks aan die Trustees voorgelê word vir goedkeuring.

## Bylae 1 – Kommunikasieplan

<b>Pro-aktief</b>	<b>Kommunikasie-item</b>	<b>Voorname</b>	<b>Gereeldheid</b>	<b>Medium</b>
	<b>Lidmaatskapsertifikaat</b>	Om die nodige inligting oor te dra en die minimum inligting te bevestig, soos in PF86 voorgeskryf (persoonlik)	Eenmalig, met aansluiting by Fonds	Gedruk
	<b>Algemene ledehandleiding</b>	Om die voordele, reëls en beleggingstrategie van die Fonds oor te dra	Met aansluiting by Fonds, en soos en wanneer voordele verander	Gedruk
	<b>Nuusbriefe</b>	Om meer gereelde, bygewerkte inligting aan lede te voorsien	2 keer per jaar	Gedruk/ Elektronies
	<b>Voordeelstate</b>	Om lede bygewerkte, persoonlike inligting oor hulle eie opgeloopte fondswaarde te gee	Jaarliks – elke Maart	Gedruk <i>plus</i> RFW
	<b>Projeksiestaat</b>	Persoonlike staat met geraamde waardes	Jaarliks – elke Maart	Gedruk <i>plus</i> RFW
	<b>Gestuurde epos</b>	Om inligting aan 'n spesifieke groep lede oor te dra	Ad hoc	Elektronies
	<b>Kommunikasie met uittrede uit Fonds</b>	Persoonlike inligting oor voordeeluitbetalings  Brosjure wat beskikbare moontlikhede met uittrede uiteensit	Met uittrede	Gedruk

<b>Re-aktief</b>	<b>Kommunikasie-item</b>	<b>Voorname</b>
	<b>Sanlam Retirement Fund Web</b>	Intydse toegang tot die voordeelbesonderhede en -moontlikhede beskikbaar aan lede  Ook toegang tot ou fondsnuusbriewe en -reëls
	<b>plus US Menslike Hulpbronne Tuisblad</b>	Beskikbare fasiliteite om lede hulle voordeelmoontlikhede beter te laat verstaan, en hulle in staat te stel om pro-aktiewe stappe te doen om finansiële sekuriteit te verseker
	<b>Voordeelnavae</b>	Deur Hoofbeampte/Werkgewer na administrateurs verwys
	<b>Klagtes</b>	Vir 'n toepaslike antwoord na die Hoofbeampte aangestuur